VAN ONS SUSTERS

Oktoberfees

Sustersverkoping van 2018 beloof om 'n heerlike kuier en koop geleentheid te wees. Om nie te praat van die lekker saamwerk nie.

Susters met vlytige vingers kan asseblief begin om artikels vir die naaldwerktafel te maak. Indien jy bereid is om êrens leiding te neem, kontak gerus vir Karin Bain – 082 532 1620

Witolifanttafel

Lê daar enige artikels by jou huis rond wat dalk maar in jou pad is en jy die afgelope jare nooit gebruik het nie? As jy dink dat dit nog goed genoeg is om deur iemand benut te word, dan is dit die aangewese artikel vir ons wit olifanttafel by die Oktoberfees van 27 Oktober. Gee dit by die koster af soggens in die week of bring sommer Sondae saam kerk toe. Jy kan dit selfs saambring die dag van die verkoping.

Navrae by Flip Mostert (082-479-5233) of Faans Steyn, tel. 018-294-6958

Maak 'n aantekening van hierdie datum *27 Oktober 2018*

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
31 Augustus 2018

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel **Johan du Plessis** by die kerkkantoor
☎ **018 294 4600 of Pieter by** ☎ **082 923 1384**
R 20 per hamburger. Dit bly 'n **"winskoop"**

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 26 Sondag 19 Augustus 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Wynand Putter** C2, **Gerrit Badenhorst** C3, diakens wyke C2 **Reinhart Boersema** en C3 **Klaas Wyma**.
Teeskink na die erediens: Susters van wyke B1 & B2. Sonja Venter B1 en Lenie Bouwsema B2.
Bussiediens: Vandag ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074
Sondag **26 Augustus** ry **Andries de Klerk** 084 440 1661

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skrifgedeelte: Haggai 2: 10 - 23
Fokusgedeelte: Haggai 2: 12,13
TEMA: ***Geheiligde harte is die bron van heilige werke***
SING: Skrifberyming 18: 1, 5, 6 (Tema 17 - 2); Skrifberyming 20: 1, 7, 8 (Tema 9 - 6); Psalm 97: 1, 2, 7; Psalm 73: 1, 7, 9; Psalm 4: 1, 4; Psalm 34: 1, 4, 5.

AAND: Skrifgedeelte: Ester 6:1 - 8: 2
Fokusgedeelte: Ester 7: 9. **Dordtse Leerreëls 2: 9**
TEMA: ***In sy ewige liefde word God se raad aangaande die uitverkorenes kragdadig vervul***
SING: Psalm 115: 1, 8, 9; Psalm 121: 1 – 4; Psalm 65: 2 - 4

LIEF EN LEED

Ons wil graag 'n beroep doen op lidmate wie se foto nog nie geneem is nie om asseblief na die diens in die saal aan te meld. Melissa Kent sal in die saal wees om die foto te neem.

Dagboek

19 Aug: **Voorbereiding-diens vir nagmaal**
26 Aug: **NAGMAAL en gemeente-ete om 12:00**
31 Aug: **Gemeente-aand en hamburgerbraai**

Kotie Bisschoff is nou al vir bykans twee maande in die intensiewe sorgeenheid in die Urologiese Hospitaal in Pretoria. Mag die Here haar vashou.

Susan Botha herstel na 'n heupoperasie in Potchefstroom Hospitaal. Mag sy herstel ontvang uit die Here se hand.

Tienie Venter 072 279 0878 in steeds in Mediclinic. Haar bekken is gekraak en sy moet nog vir 'n hele paar dae in die hospitaal bly. Ons dink aan haar in ons gebede.

Mandie de Klerk 082 709 8659 is Maandag opgeneem in Mediclinic met rugprobleme. Ons bid haar sterkte toe.

Johanna Buys 018 297 4117 gaan Dinsdag hospitaal toe vir ondersoeke. Ons bid haar sterkte toe.

NAGMAAL Dit is DV volgende Sondag nagmaal.
Ons herinner lidmate van ander Gereformeerde Kerke om betyds getuienis van hulle kerkrade aan ons deur te gee as hulle saam nagmaal wil gebruik.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir die **GKSA Sustentasiefonds**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **Deputate Jeugsorg**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens**

KATEGESE Vandag moet julle **Les 20** en **Psalm 66: 1B** ken.
Maandag lees *Laat my lammers wei* Hoofstuk 56
Volgende Sondag geen kategese vanweë Nagmaalviering
Katkisasie vir hoërskoolkinders op **Woensdae** om 14:15
vir Graad 8 – 10. 17:10 vir Belydenisklas by die pastorie

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.



Helpende Hand Projek
Ek verduidelik sommer kortliks: vir elke 15 debietorders van R50 wat ons bymekaar maak kry ons gemeente R10 000 vir 'n projek van ons keuse om armes te help.
Daar is vorms beskikbaar by Karin Bain.
Onthou Solidariteit is die vakbond.
Afriforum is die menseregte-organisasie.
Helpende Hand is die hulp aan armes in kleuterskole, skole, tersiêre instellings en bejaardes. ***– Karin Bain***

Ons het volgens Fanie Buys van Helpende Hand nie genoeg vorms gekry om te kwalifiseer vir die R 10 000 vir 'n projek van ons keuse nie. Vir elke 15 debietorders van R50 per maand kry ons R 10 000 vir 'n projek van ons keuse. Ons kort dus nog 'n paar mense wat bereid is om die projek in hierdie verband te ondersteun. Vir enige verdere inligting kan u Helpende Hand se webtuiste besoek by helpendehand.co.za of vir Fanie Buys kontak by 082 645 0887 of epos by fanieb@helpendehand.co.za

---

DOCENDA HET U HULP NODIG: NWU graadkursusse
Docenda is 'n inisiatief van die Geeformeerde Kerke in SA, wat sedert 2014 graadkursusse in die teologie fasiliteer vir die NWU.
Docenda fasiliteer graadkursusse vir die NWU in die Teologie en Opvoedkunde vir enige student wat aan die NWU se vereistes vir daardie kursus voldoen.
Die koste van een jaar se graadstudie via Docenta is nagenoeg een-derde van vergelykbare kostes vir op-kampus studies.
Docenta se tegnologie maak dit moontlik om graadstudies tot by enige student se werk- en woonplek te bring mits 'n internetdiens beskikbaar is.
Belangstellendes word aangemoedig om navraag te doen by Hettie Viljoen (hettiev@docenta.org.za) of dr Etienne van Loggenberg (etienneva@docenda.org.za).
Alternatiewelik kan dr Douw Breedt gekontak word by 082 683 3553.

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.
Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.
Susters van wyke B1 en B2versorg vandag die tee en koffie

VERGADERINGS in Augustus:
19 Augustus: **Kerkraad en Diakonie** vergader vanaand na die aanderediens
22 Augustus: **Sangkommissie** vergader om 17:30
NB 31 Augustus: **Gemeente-aand en Hamburgerbraai** vanaf 17:30

Hamburgerbraai - Japie en Pieter het gevra dat die datum skuif na 31 Augustus. Dis moeilik as dit die Vrydag voor die Nagmaalete is.

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende die week verjaar baie geluk met hul verjaardag:

19 Aug	**Gene Claassen,** Kiepersolwoonstel 5, ☎ 072 380 8614
21 Aug	**Anri van Heerden,** Carpe Diem 7, ☎ 073 359 4770
22 Aug	**AJ van Niekerk,** Fickhuis 1, ☎ 076 886 2132
24 Aug	**Blanche du Plessis,** Huis Eikelaan S 30, ☎ 082 335 2283
	Erika Venter, Beyers Naudelaan 38, ☎ 072 476 9980
25 Aug	**Ricart Boneschans,** Kromstraat 10, ☎ 072 907 5765
	Ruan van Heerden, Carpe Diem 7, ☎ 082 772 3602

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Die kos wat Susan en Koos Nortjé maak is altyd 'n heerlike ete. Die spyskaart klink heerlik. Beesbredie en hoenderpastei en ander kosse daarby. So sal dit DV ook wees op **26 Augustus om 12:00. Johan du Plessis sal die besprekings behartig in die kerksaal of telefonies by 018 294 4600.**

Die koste is **R 30** per persoon.

Kinders hou partytjie

Dis heerlike lente
Dis partytjietyd
Dis Saterdag 1 September 2018 om 10:00.
Ons gaan 'n heerlike partytjie hou. Alle kinders van graad 7 en jonger is welkom. Die formele uitnodiging sal volg.

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 12 Augustus 2018 was R 6 170. Die kollekte ten bate van die **Emeritaatsfonds** was R 2 070.

DIAKONIE SE KOSKAS

Baie dankie aan almal wat gehelp het om ons blikkieskos aan te vul. As jy 'n blikkie kos koop gooi maar 'n ekstra een in die mandjie vir die Diakonie. Jy kan die nie-bederfbare produkte in die wit krat in die saal sit. U kan enige ander nie-bederfbare kos ook skenk. Hierdie is slegs 'n voorstel!!.
Ons het heelwat uitgedeel en dit lyk of ons nooit te veel daarvan sal hê nie.

Jongmense

Koffiedrink vir alle jongmense na die aanddiens. Dit gaan baie lekker wees en bied 'n geleentheid vir almal om mekaar te leer ken.
Vir enige navrae kontak vir Willem van Heerden op 076 450 0562.

Gebruikte Bybels en Dagstukkies word versprei

Lidmate wat Bybels besit wat nie meer gebruik word nie of in 'n gehawende toestand is (uitmekaar val of bladsye wat makeer), kan dit by die kerkkantoor of vir my afgee. Ou Afrikaanse vertalings en Engelse Bybels is ook welkom. Hierdie Bybels word, indien nodig, herstel. Verder kan lidmate wat van ou Almanakke ontslae wil raak dit ook bring. Dit word omvorm in 'n bundel van Dagstukkies. Die Bybels en Dagstukkies word dan versprei o.a in Promosa en by die plaaslike gevangenis, waar daar steeds 'n groot behoefte vir Bybels bestaan.

- *Faans Steyn* (tel. 018 294 6958)